IN PLAAS DAT JULLE SÊ

SKRIFLESING Jak. 4:13-17
TEKSVERS Soos gelees

- Ons word ook touwys gemaak deur motiveringsprekers en ander lewensafrigters: "Plan your work, then work your plan".
- Ja, geen mens kan onbeslis en effektief wees nie.
- Daar is beslis groot waarheid in al hierdie treffende slagspreuke.
- Hoe moet ons egter 'n doelgerigte lewe verstaan na aanleiding van Jak. 4:13-17:

1. **Baie planne, maar ...**

- Ons let op na Jak. 4:13, 14, 16:
- Wanneer ons hierdie teksverse lees moet ons besef dat die Woord dit nie teen doelgerigtheid het nie.
- Trouens, dit is belangrik dat ons die lewe met visie en intensionaliteit sal aanpak.
- Fil. 3:14; I Kor. 9:24-27
- Waarteen ons egter moet waak is die arrogansie van selfvoldaanheid, grootdoenerigheid of egoïsme.
- Jakobus waarsku ons teen die valse gerustheid van die idee dat ons die finale sê oor ons lewensduurte het.
- Luk. 12:15-19
- Die gevaar waarteen Jakobus ons waarsku is dat ons nie ons lewens so moet inrig dat ons geen gedagte daaraan gee dat ons lewens oop en bloot voor God is (Hebr. 4:13).
- Ons moet nie ons geringheid in teenwoordigheid van God se onpeilbare grootheid en verbysterende Almag (Ps. 139) vergeet nie.
- Waarop Jakobus aandring, is nie 'n morbiede beheptheid met moontlike rampe nie, maar 'n realistiese houding teenoor die toekoms wat moontlik gemaak word deur geloof in God.

2. **In plaas dat julle sê ...**

- Jak. 4:15
- Vriende, kinders van die Here se perspektief op die aardse lewe moet vanuit die hemele bekyk word (Blue 1983:831).
- Midde in ons doelgerigtheid en inbegrepe met ons intensionaliteit moet ons moet groot vrymoedigheid sê: "As die Here wil en ons lewe, dan sal ons dit of dat doen."
- Hierdie woorde leer ons "Self-centered bragging must be replaced by God-honoring trust. The cure for boasting is belief" (Blue, 1983).

- Die pleidooi is nie om huiwerig te wees nie, maar om altyd van die Here afhanklik te bly en dit te bely.
- Spr. 19:21; Spr. 27:1

TEN SLOTTE ...

- Ons mis 'n kernwaarheid van 'n doelgerigte lewe indien ons nie besef dat ons ons lewens in totale afhanklikheid van God moet leef nie.
- Om nie so te leef nie is sonde: Jak. 4:17
- Ons doen egter goed wanneer ons ons afhanklikheid van God besef en bely.
- Ja, as die Here wil en ons lewe, dan sal ons dit of dat doen.
- Nee, dit beteken nie ons twyfel of ons moet doen wat ons moet doen nie, maar dat ons nooit so arrogant sal wees om te dink dat ons God in en deur alles nodig het nie - selfs ook in ons oorvloed en rustige lewe.

PHILIP DE JAGER
Leef die Woord, 16/02/2025
2025/07

Bronnelys

Adamson, J. 1976. *The new international commentary on the New Testament: The epistle of James*. Grand Rapids: Eerdmans Publishing Co.
Blue, R.J. 1983. James, in R. Walvoord, J.F. & Zuck (ed.). *The Bible knowledge commentary: An exposition of the Scriptuyres by Dallas Seminary Faculty. New Testament*, SP Publications, Inc.